ALBERTINIA Museum
rura mihi placent
Ons hou van die landelike lewe

Stasiestraat 34
Posbus 184
ALBERTINIA
6695
Tel 028 735 2151
Sel 072 249 1244

29 November 2006

Mnr Fanie Oosthuizen
Albertinia Meubelvervoer
Albertinia

Beste Fanie

Kersgeskenke vir plaasskole-projek

Nou dat die projek om Kersgeskenkpakkies vir 122 leerlinge van 3 plaasskole uit te deel afgehandel is, bly nog net die bedankings oor. Daarom wil die Beheerraad van Albertinia Museum vir jou besonder dankie sê vir die bydrae wat jy gelewer het. Dit, saam met die ander bydraes, het ons in staat gestel om vir elke leerling `n skoendoos met die inhoud van R50+ te kon skenk. Dit het bestaan uit `n volledige stel skryfbehoeftes, waslap, seep, tandeborsel, tandepasta, pakkie lekkergoed, skyfies, koeldrank en speelding.

By Langkloof Primêr het die leerlinge skoon histeries geraak toe Kersvader (Rudi Briel) met sy sak presente verskyn – hulle het nie geweet hy kom nie! Toe hulle egter oor hulle skrik gekom het en die pakkies oopmaak, was dit `n ander gesig. Uit dankbaarheid het elkeen vir Kersvader `n drukkie kom gee.

As `n mens agterna hulle briefies van dank lees, besef jy eers in watter behoefte voorsien is. (Aangeheg is enkele uittreksels met foto's.) Ons hoop jy sal by die lees daarvan besef hoe belangrik jou bydrae was. Nogmaals baie dankie.

`n Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar word jou en jou geliefdes toegewens.

Groete

.....

Dr RM Briel
Voorsitter: Beheerraad